55/84

Saak Nr 324/83
NvH

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

GEORGE KHOZA .......... Eerste Appellant

JAMES MOHLABANE ........... Tweede Appellant

SIPHIWE DLAMINI ........... Derde Appellant

en

DIE STAAT ........... Respondent

Coram: MILLER, CILLIé ARR *et* HOWARD Wnd AR.

Verhoor: 1 MEI 1984.

Gelewer: 18 Mei 1984

---

UITSPRAAK

MILLER AR :-

Die appellante is in die Transvaalse Provinsiale Afdeling skuldig bevind aan (1) moord, (sonder versagtende omstandighede) en (2) roof, met verswarende omstandighede. Elkeen van hulle is op klagte (1) tot die dood veroordeel en op klagte (2) 'n vonnis van vyf jaar gevangenisstraf opgelê. Hulle kom nou met verlof van die Verhoorregter (ELOFF, R) in hoër beroep teen die skuldigbevindings. Dit blyk uit die uitspraak wat gelewer is op die aansoek vir verlof om te appelleer dat die appellante se aansoek slegs betrekking gehad het op die skuldigbevindings; geen aansoek vir verlof om teen die vonnisse te appelleer is deur enige van hulle gemaak nie.

Toe die lyk van die oorledene, 'n swartman omtrent 30 jaar oud, in 'n oop ruimte in die Khutsong woonbuurt, naby Carltonville, gevind is, was hy net in sy onderbroek geklee. Sy skoene, broek en hemp wat hy voorheen aangehad het, het verdwyn. Dit het geblyk dat hy kwaai aangerand en vermoedelik beroof is. Die nadoodse ondersoek het getoon dat hy twee steekwonde toegedien is en dat daar ook 'n kneusing op sy voorkop en bloeding van die neus was. Een van die steekwonde was in die "linker borskas sesde rib interspasie" en die ander in die linker buik, "onder die ribrand". Daar was penetrasie tot in die hart en laserasies van sy long en die milt. Die dood is veroorsaak deur die twee steekwonde. Die kernvraag in die saak is of dit bewys is

dat die drie appellante die betrokke misdadigers was.

Die getuie wat op die doen en late van die oorledene op die betrokke dag lig kon werp en wat die appellante by die aangeleentheid betrek het, is Martha Motsheneng (Martha). Daar was 'n liefdesverhouding tussen haar en die oorledene gewees. Op Vrydag, 20 Augustus 1982 (die dag voor die ontdekking van die oorledene se lyk) het sy en oorledene 'n kafee in Carltonville besoek en heelwat tyd daar deurgebring. Die oorledene, wat by die Western Deep Levels myn werksaam was, was van plan om laat in die namiddag na die myn terug te keer. Hy sou met 'n huurmotor daarheen ry. Martha sou van hom afskeid neem by die huurmotorstaanplek. Omstreeks sesuur namiddag

het / .....

het sy waargeneem dat die oorledene, wat in 'n mate gedrink was, in 'n huurmotor beland het wat hom nie na die myn sou neem nie, maar wel na die Khutsong woonbuurt. Sy het die drie appellante in die huurmotor gesien. Sy het hulle geken van sien en het hulle ook vroeër op daardie besondere dag in Carltonville gesien. Dit was hulle gewoonte om saam in daardie omgewing rond te beweeg. Sy het probeer verhoed dat die oorledene met die verkeerde huurmotor wegry, maar tevergeefs. Volgens haar getuienis het die appellante hulle verset teen haar poging om die oorledene uit die huurmotor uit te kry; sy het die oorledene aan sy trui beetgekry en dit van hom afgepluk. Onmiddellik daarna het die huurmotor vertrek met die oorledene en die appellante daarin. Die

dag / .....

dag daarna het Martha die derde appellant op straat gesien. Hy het die oorledene se klere, asook sy skoene, aangehad. Daar is ook aanvaarbare getuienis dat eerste appellant 'n paar dae daarna dieselfde skoene, in die teenwoordigheid van die derde appellant, aan ene Maringa verkoop het. Op 'n latere geleentheid het Martha vir die tweede appellant op straat in Carltonville gesien. Sy het die polisie daarvan verwittig en die tweede appellant is toe gearresteer. Nadat hy die gewone waarskuwing gegee is, het die tweede appellant die polisie vrywilliglik geneem na die huis van gemelde Maringa, wat oorledene se skoene van die eerste appellant gekoop het, en daarna na die huis van Sanna Modisane waar hy 'n bandspeler uitgewys het. Die

bandspeler was voorheen in die besit van die eerste en derde appellante.

Die eerste appellant is aan die polisie deur Martha uitgewys toe hy in ŉ sel by die kommissarishof te Oberholzer opgesluit was (nie in verband met hierdie saak nie) en Martha daarvan te hore gekom het. Daar was ŉ hele aantal manspersone in die sel toe dit oopgesluit is. Martha het sonder aarseling eerste appellant uitgewys as een van die persone wat saam met die oorledene en die ander appellante weggery het in ŉ huurmotor wat bestem was om na die Khutsong woonbuurt te gaan. Wat die derde appellant betref, het Martha hom, weereens sonder aarseling, op ŉ uitkenningsparade uitgewys as die derde

van die mans wat saam met die oorledene in die huurmotor gery het die dag voordat sy lyk gevind is. Dit is nie betwis nie dat die parade behoorlik en regverdiglik gehou is. Die derde appellant het 'n geskrewe verklaring voor 'n landdros afgelê. Hy het tydens die verhoor van die saak aangevoer dat hy die verklaring nie vrywilliglik gemaak het nie, maar wel uit vrees, omdat hy deur ene Malibe ('n speurder-adjudant-offisier en ook die ondersoekende beampte in hierdie saak) aangerand is. Die Hof a quo het om gegronde redes na aanhoor van die getuienis in daardie verband bevind dat die verklaring vrywilliglik gemaak is. Die verklaring is natuurlik nie teen die eerste en tweede appellante toelaatbaar nie maar dit is

van besondere belang wat die derde appellant betref omdat, alhoewel dit in 'n mate 'n verontskuldigende verklaring is, dit 'n erkenning bevat dat die derde appellant teenwoordig was toe "die mynpersoon" met wie hy en andere saam gery het vanaf Carltonville, naby die Khutsong woongebied aangerand en beroof is. Dit strek derhalwe ook tot stawing van Martha se getuienis dat die derde appellant een van die persone was wat saam met die oorledene in die rigting van die Khutsong woongebied weggery het.

Elkeen van die appellante het getuienis afgelê tot die effek dat hulle niks van die aangeleentheid weet nie en het probeer verduidelik waar hulle op die betrokke dag was en wat hulle dié dag gedoen het. Die Hof *a quo*

was / .....

was geensins deur hulle beindruk nie en het, weereens om grondige redes, wat in die uitspraak genoem is en wat onnodig is om hier te herhaal, hulle getuienis verwerp. In hierdie verband is dit voldoende om slegs te noem dat hulle ontken het dat hulle mekaar goed ken en dikwels saam rondbeweeg, wat strydig is nie alleen met Martha se ge= tuienis nie, maar ook met ander betroubare getuienis. Hulle kon geen bevredigende verduideliking gee in verband met die getuienis aangaande die oorledene se klere en skoene nie. Die derde appellant se getuienis was nie met sy bogenoemde geskrewe verklaring versoenbaar nie; sy verduideliking van hoe dit gekom het dat hy in die vorige verklaring erken het dat hy teenwoordig was toe oorledene

aangeval / .....

aangeval is, is met reg deur die Hof a quo as "leuenagtig" beskou.

Namens die appellante is voor ons aangevoer dat die Hof a quo fouteer het deur Martha se getuienis te aanvaar; dit is betoog dat sy 'n onbevredigende en onbe= troubare getuie was en dat sy haar in wesentlike opsigte weerspreek het. Soortgelyke argumente is blykbaar ook aan die Verhoorhof gerig. Dit blyk baie duidelik uit die uitspraak van ELOFF, R, dat hy aanvaar het dat Martha nie in alle opsigte 'n goeie getuie was nie. Hy het daarop gewys dat sy " 'n beperkte intelligensie en 'n beperkte vermoë om vrae te begryp" het. Ook is deur die geleerde Regter besef dat sy ietwat vaag en onseker was wat betref

die omstandighede waaronder die oorledene hom in die huurmotor, saam met die appellante, bevind het en presies op watter wyse die appellante verhoed het dat sy die oorledene uit die huurmotor uit kry. Maar ten spyte daarvan was die Hof <u>a quo</u> tevrede dat Martha ʼn eerlike getuie was. Ek haal aan uit die uitspraak :

> "Wat volgens ons oordeel bo redelike twyfel vasstaan is dat Martha die vertrek van die oorledene in die Kombi in verband gebring het met die drie beskuldigdes. Daar kan geen twyfel wees nie dat sy na die gebeure die stelling dat die oorledene met drie persone saam weg was, gemeld het, en dat sy in die weke wat gevolg het vir die drie beskuldigdes die een na die ander uitgewys het. Dit was ook nie ernstig disputeer nie dat sy bekend was met die drie beskuldigdes en hulle voorheen gesien het."

En / .....

En later in die uitspraak :

> "Ons dink dat ons met vertroue Martha se getuienis kan aanvaar dat sy die drie beskuldigdes die betrokke dag in die omgewing van die standplaas en die restaurant gesien het. Ons meen verder dat ons as voldoende bewese kan aanvaar dat sy met kommer die oorledene se vertrek in 'n Kombi taxi in verband gebring het met optrede van die drie beskuldigdes. Daar is geen rede nie om haar getuienis te betwyfel dat sy gesien het dat die oorledene in die verkeerde Kombi klim wat nie na die myn sou gaan nie, en dat sy gepoog het om hom te kry om uit te klim. Sy kon immers sy trui aan die Hof produseer wat sy in haar poging om hom te kry van sy lyf afgetrek het."

Die geleerde Regter het ook verwys na die getuienis en omstandighede wat Martha se getuienis bevestig. Ek het alreeds verwys na die getuienis in verband met die oorledene

se skoene; ook is melding gemaak van 'n bandspeler waarvan die appellante kennis gedra het. Dit is, o.a., aan die polisie uitgewys deur die tweede appellant.

Ek vind dit onnodig om spesifiek te verwys na al die getuienis wat tot stawing van Martha se getuienis strek. Die geleerde Verhoorregter het die getuienis en die kritiek wat op Martha se getuenis gelewer is, breedvoerig en op sorgvuldige wyse behandel. Ons vind dit onmoontlik om te beslis dat hy fouteer het deur "die substansie" van Martha se getuienis in wesenlike opsigte te aanvaar of deur die verontskuldigende getuienis van die appellante te verwerp.

Dit is ook namens appellante aangevoer dat al

sou Martha se getuienis aanvaar word, daar onvoldoende getuienis is om die afleiding dat die drie appellante saam en met gemeenskaplike opset die oorledene aangeval het, te regverdig. Weereens is ons dit met die Hof *a quo* eens dat onder al die omstandighede enige ander afleiding "totaal vergesog en verwerplik" sou wees.

Die appèl van elkeen van die appellante word van die hand gewys.

S. MILLER AR.

CILLIé, AR )
) STEM SAAM
HOWARD, Wn AR )